Leipie Nuus

20 - 24 AUGUSTUS 2018

Nommer 22/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 20 Augustus

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:45-15:00, o/10-o/13 vanaf 13:40-14:30
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis:	Wedstryde seuns oop A1 vs Menlopark, seuns oop A2 vs Pta-Oos seuns oop B2 Loslootjie, o/11 seuns A vs Pta-Oos, o/11 seuns B1 vs Menlopark, o/11 seuns C1 vs Elarduspark, o/11 seuns C3 Loslootjie, dogters oop B2 vs Monumentpark, dogters oop C1 Loslootjie, o/11 dogters D2 vs Midstream Ridge
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Musiekblyspel:	Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 21 Augustus

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:40-14:30, o/10-o/11 vanaf 13:45-15:15 Wedstyde vs L/s Magalieskruin o/13 (weg), o/12 (tuis)
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis:	Oefening o/11 seuns, oop dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15

Wo 22 Augustus

Jnr koor:	Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor:	**Oefening vanaf 14:00-16:00**
Sosiale skaak:	Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
Musiekblyspel:	Oefening praatrolle vanaf 16:00-17:00
KIX Klub:	Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion Foto's word geneem. Bring asb julle landloopklere saam
Krieket:	Wedstryd o/9 vs L/s Magalieskruin (weg)
Spellaton:	Gr 3 Spellaton cluster te Oost-Eind

Do 23 Augustus

Krieket:	Oefening o/12-o/13 vanaf 13:45-15:15 Wedstryde vs L/s Magalieskruin o/11 (weg), o/10 (tuis) o/13B vs L/s Hennopspark (weg)
Sagtebal:	Wedstryde o/11, o/13 vs Vhaliespark (weg)
Hokkie:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Tennis:	Oefening o/12, o/13 oop seuns, o/11 dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Kunstefees:	Centurion Kunstefees Redenaars - Skoolsaal

Vr 24 Augustus

Hokkie:	Wedstryd o/12, o/13 vs Midstream Ridge (weg)
Kunstefees:	Centurion Kunstefees Engels – Skoolsaal

Sa 25 Augustus

Snr Koor:	Optrede te Kerk-sonder-mure

UIT DIE KANTOOR:
Aangesien dit nou begin warm word, kan leerders begin om somersdrag te dra. Die oorgangstydperk is vanaf 17-31 Augustus. Daarna dra almal somersdrag. Ons vier Lentedag op 31 Augustus. Leerders mag dan gewone klere aantrek.

Ouers moet asb nie leerders in skooltyd vir afsprake kom haal nie, dit maak inbreek op onderrigtyd en ontwrig die klas. Afwesighede veroorsaak ook baie probleme deurdat assessering wat misgeloop word, baie moeilik ingehaal word. Leerders mis ook die belangrike voorbereiding vir assessering wat gapings in kennis tot gevolg het.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Sagtebal: Wen alle wedstryde vs L/s Hennopspark
Krieket: o/13A wen vs L/s Villieria
Wiskunde: Eduan Kirsten- Departement se Wiskunde uitdaging – Eduan is een van vyf leerders in ons Cluster wat deurdring na die Distriksuitdunne wat op 5 September plaasvind.
Christiaan Benadé- Nasionale Studente Wiskunde Kompetisie – A+, kampioen in sy kompetisie vlak.

BELANGRIKE DATUMS:
28 Augustus: ***Musiekblyspel kaartjieverkope open om 7:30 in die saal. R100 per sitplek***
31 Augustus: Lentedag – leerders dra gewone klere
17-20, 25-27 September: Musiekblyspel

MUSIEKBLYSPEL:
Enige uitstaande bedrag vir deelnemers aan die musiekblyspel moet teen 31 Augustus vereffen wees. R400 (registrasiefooi ingesluit) per deelnemers en in die geval van meer as een kind per gesin is die bedrag R350 per deelnemer.
Geen kostuums sal uitgegee word indien die volle bedrag nie betaal is nie.

SENIOR KOOR:
Senior koor oefen **22 Augustus vanaf 14:00-16:00.**

OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS:
Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om asb persone by die voetoorgange te gehoorsaam indien u leerders voor- en naskool op- en aflaai. Daar was al 'n paar gevalle waar daar gewys is om asb te stop en leerders al begin oorloop en dan ry persone net oor die voetoorgang sonder om spoed te verminder of te stop. Wees asb ook atent as u uit parkering trek dat daar nie dalk leerders, persone of ander voertuie agter u is nie. Baie dankie, met u positiewe samewerking kan ons 'n lelike ongeluk voorkom. Ons leerders en ouers se veiligheid is vir ons baie belangrik.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

In 1998 word die skool se 50ste bestaansjaar gevier. Die musiekblyspel is: *Kiekies teen die muur*.
Die skool het 3 administratiewe personeel in die kantoor – Me Lizette Viljoen, Rachel Mallandain en Juanni van Niekerk.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103
(skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 147 5705

FINANSIES:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres: finansies@louisleipoldt.co.za

VERLORE GOEDERE:
Ouers en leerders moet asb in die verlore goedere kas op die vierkant kom soek na verlore items. Ons vra ouers om asb **alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk, dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word.** Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie.

SAAMRYGELEENTHEID:
Opsoek na 'n saamrygeleentheid vir Gr 4 leerder in die oggend en middag vanaf Retieflaan.
Kontak Erika evanwyk183@gmail.com

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

"NUMBERTHUMPER" KOMPETISIE:
Vrydag 17 Augustus neem L/s Louis Leipoldt, L/s Doringkloof en L/s Hennopspark teen mekaar deel in die "Numberthumper" kompetisie vanaf 12:00-20:00. Leerders mag Vrydag 17 Augustus selfone op eie risiko saambring skooltoe en tot 16:00 by die skool speel - die skool se wifi sal gebruik kan word dus word eie data nie gebruik nie. Onthou om te registreer by www.numberthumper.com **LW: Hierdie aktiwiteit vind nie in akademiese tyd plaas nie.**
Luister na die insetsel wat uitgesaai is op LekkerFM deur te gaan na die skool se webblad www.louisleipoldt.co.za of die skakel https://youtu.be/GjqNBZ--Ouw en www.youtube.com

GR R OUERLEIDING:
Gr R ouerleiding van 22 Augustus verskuif tot verdere kennisgewing.

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders mag in 2018 'n trui dra wat geborduur is met Gr 7 en LL logo. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk. Dit neem ongeveer 1 week.

SPORTSAKKE/PETTE:
Daar is weer geleentheid om sportsakke en pette te bestel. Indien u belangstel om te bestel sien asb inligting op die webblad. Inligting kan ook by Ontvangs afgehaal word.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER